

/Tuoi Stefaans Samcuia en Brett Murray by hul wenvoorlegging vir die nuwe konferensiesentrum in Kaapstad.

# Beste openbare kuns in Kaapstad aangewys

'n SAMEWERKINGSPROJEK tussen die San-kunstenaar /Tuoi Stefaans Samcuia en die Kaapse kunstenaar Brett Murray is gister aangewys as die wenner van 'n kompetisie vir 'n grootskaalse kunswerk vir die nuwe internasionale konferensiesentrum in Kaapstad.

Die wenners van kompetisies vir twee ander kunswerke vir die sentrum is nog nie aangewys nie.

Samcuia, wat betrokke is by die !Xun- en San-kuns-en-kultuurprojek op Schmidtsdrift, en Murray se inskrywing bestaan uit drie panele waarop 'n verskeidenheid van San-ikonografie, uitgesny uit staalplate, uitgebeeld word. Hulle ontvang altesame R400 000, wat geld vir die maak van die volskaalse werk, asook prysgeld, insluit.

Die wenwerk beeld diere en plante uit, beelde wat geïnspireer is deur Samcuia se "drome en jeugherinneringe aan jagtogte en kennismaking met die natuur". Dit is gekies uit ontwerpe deur 16 San-kunstenaars van Schmidtsdrift.

Murray het gesê hy was beïndruk deur die gesofistikeerdheid van Samcuia se ontwerpe en glo die kunswerk sal help om die status van kuns deur die San tot 'n nasionale en internasionale vlak te lig.

Die beoordelaarspaneel, wat die kunskonsultant Neville Dubow, Marilyn Martin, direkteur van kunsversamelings in die Iziko-museumstruktuur, en die argitek Revel Fox insluit, het Samcuia en Murray se ontwerp gekies uit 'n kortlys van vyf nadat meer as 100 voorleggings ontvang is.

Volgens Martin spruit die wenwerk uit die oudste visuele kultuur in Suider-Afrika, terwyl dit eeue oue simbole en huidige ervarings op 'n eietydse wyse interpreteer. "Dit is 'n wonderlike voorbeeld van die tipe interaksie wat moontlik is tussen kunstenaars in hierdie land," het sy gesê.

Die sentrum word op 1 Julie aanstaande jaar amptelik geopen.

INTUSSEN het die Kaapse kunstenaars Fritha Langerman en Katherine Bull pas die derde kompetisie vir 'n openbare kunswerk vir Kaapstad gewen. Langerman en Bull se inskrywing, *Come to pass*, is uit drie finaliswerke gekies nadat meer as 100 inskrywings ontvang is.

Die ander finaliswerke was inskrywings deur onderskeidelik Kevin Brand en Paul Edmunds.

Langerman en Bull se kunswerk is 'n reeks van agt ronde skywe van glas, metaal en reflekteermateriaal wat verwys na agt "beroepe" wat meegehelp het in die ontwikkeling van Kaapstad. Dit sluit in "setlaar" (Jan van Riebeeck), "soldaat" (Jan Smuts), "ontwerper" (Herbert Baker) en "redakteur" (John Fairbairn). Die skywe beeld egter nie dié persone uit nie, maar fiktiewe vroue. Langerman en Bull het hierop besluit om omdat vroue grootliks uitgesluit is van die koloniale geskiedenis en die ontwikkeling van Kaapstad.

Die twee kunstenaars ontvang altesame R80 000 vir die maak van die kunswerk, asook prysgeld van R40 000. Die werk, wat binne die volgende 12 maande gemaak moet word, sal in die St. George-wandellaan naby die kruising met Kortmarkstraat geïnstalleer word.

Die kompetisie is gereël deur die Vereniging vir Visuele Kunste in oorleg met die J.K. Gross-trust.

Die beoordelaars vanjaar was Alan Alborough, Rayda Becker, David Brown, Marilyn Martin, Melvyn Minnaar en Zwelethu Mthethwa. Vorige wenners van dié kompetisie is John Skotnes en Brett Murray.